# Vermenigvuldiging van 'n 3-syfergetal met 'n 1-syfergetal

As ons 3-syfergetalle vermenigvuldig, kan ons dit afbreek in plekwaardedele om dit makliker te maak.

$328 \times 3 = ?$


$$\begin{aligned} 328 \times 3 &= 300 \times 3 + 20 \times 3 + 8 \times 3 \\ &= 900 + 60 + 24 \\ &= 900 + 60 + 20 + 4 \\ &= 984 \end{aligned}$$

**1** Doen die volgende bewerkings.

**a** $321 \times 4 = ?$

**b** $143 \times 6 = ?$


**c** $217 \times 3 = ?$



**2** Jabu koop 7 houers met sap. Elke houer hou 120 ml. Hoeveel milliliter het Jabu altesaam gekoop?

**3** 'n Groep Graad 5-seuns gaan na 'n kampeerterrein. Die onderstaande tabel toon die koste van die kampeerterrein aan.

| **Aantal nagte** | 2 | 3 | 4 | 5 | 6 | 10 |
|---|---|---|---|---|---|---|
| **Koste in Rand** | 250 | 375 | | 625 | | 1 125 |



**a** Wat is die koste per nag in die kampeerterrein?

**b** Voltooi die tabel.

**c** Andrew bereken dat dit hulle R880 sal kos vir 8 nagte. Is hy reg? Verduidelik jou antwoord.

**4** Een meter materiaal kos R24. Die kleremaker benodig $3\frac{1}{2}$ meter materiaal. Wat sal die totale koste wees?


© Oxford University Press Southern Africa

# Deling van 'n 3-syfergetal deur 'n 1-syfergetal

Wanneer ons deel, kan ons 'n wenkbord gebruik om ons te help.

431 ÷ 7 = ?

7 × **60** = 420     431 – 420 = 11

7 × **1** = 7     11 – 7 = 4

431 ÷ 7 = **61** res 4

**Wenkbord**

7 × 1 = 7

7 × 10 = 70

7 × 50 = 350

7 × 60 = 420

**1** Gebruik 'n wenkbord om jou te help om die volgende te bereken.

**a** 356 ÷ 9 = ☐     **b** 489 ÷ 6 = ☐

**2** Daar is 7 spelers in 'n netbalspan. Hoeveel spanne kan 'n skool maak as daar 161 meisies is wat wil netbal speel?



**3** Die skool het R904 om 8 vlugbalnette te koop. Wat is die maksimum prys wat die skool vir 'n net kan betaal?

**4** Ouma het R987. Sy wil dit gelykop verdeel tussen haar 4 kleinkinders. Hoeveel geld kan elke kleinkind kry?



**5** Daar is 588 koeie op die plaas. Die boer wil die koeie gelykop verdeel tussen 7 kampe. Hoeveel koeie moet in elke kamp gaan?

© Oxford University Press Southern Africa